

Skriflesing: Openbaring 15Teks: **Openbaring 15: 3-4, 8**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 119: 25, 26****TYDENS EREDIENS – Ps. 118:13,14; Ps. 38:1,8; Sb. 2-7 (37):1; Sb. 2-7 (37):2,3****Openbaring 15**

Rev 15:1 Toe het ek 'n ander groot en wonderbaarlike teken in die hemel gesien. Ek het sewe engele gesien wat die sewe laaste plae bring. Daarmee het die toorn van God sy einde bereik.

Rev 15:2 En ek het iets soos 'n spieëlgladde see met vuur daarin gesien. Die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam, het by die spieëlgladde see gestaan met sifers wat hulle van God gekry het.

Rev 15:3 Hulle sing die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam: "Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies.

Rev 15:4 Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is."

Rev 15:5 Hierna het ek gesien: die tempel in die hemel, die woonplek van God, is oopgemaak,

Rev 15:6 en die sewe engele wat die sewe plae bring, het uit die tempel uitgekom. Hulle het helder blink klere aangehad, en elkeen het 'n goue band om die bors gehad.

Rev 15:7 Een van die vier lewende wesens het toe aan die sewe engele sewe goue bakke gegee, gevul met die toorn van God, van Hom wat tot in alle ewigheid lewe.

Rev 15:8 Die tempel het vol rook geword vanweë die heerlijkheid en die mag van God, en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plae van die sewe engele hulle einde bereik het nie.

Skriflesing: Openbaring 15Teks: **Openbaring 15: 3-4, 8**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 119: 25, 26****TYDENS EREDIENS – Ps. 118:13,14; Ps. 38:1,8; Sb. 2-7 (37):1; Sb. 2-7 (37):2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus. Ons gaan weer verder met die reeks uit die laaste boek van die Here se Woord. Ons het (op 10 Apr. 2022) met 23 preke kon vorder tot by Openbaring 14.

Dié boek wat heeltyd besig is met die dinge ná Jesus na die hemel opgevaar het. Waar ons verlede Sondag by die 10de verskyning tussen Jesus se opstanding en hemelvaart kon eindig is Openbaring weer die boek wat handel oor die dinge tussen Jesus se hemelvaart en wederkoms.

Hierna word ook as die eindtyd verwys. Ons leef reeds in die eindtyd. Openbaring laat ons goed verstaan dat God regeer. Alreeds in Openbaring 4 was dit duidelik God sit op die troon en niemand anders as God in Christus deur sy Heilige Gees is elke oomblik in beheer. Wie hieraan twyfel sal in hierdie lewe en nog minder in die lewe hierna aan enige hoop en troos kan vashou. Daarom al laat Openbaring ons verskriklike dinge hoor en sien en daar gebeur dinge wat die bloed en die skandes en die armoede en die ellende in die wêreld nie wegsteek nie, is Openbaring juis die bevestiging dat die verskriklike dinge gebeur en sal aanhou gebeur totdat die wêreld sy einde bereik het.

Die boek Openbaring kan vergelyk word met 'n opgewende veer wat jy soos 'n spiraal in jou hande kan hou. As ek die lyne van die spiraal volg gaan ek al in die rondte maar soos die rondtes vorder gaan ek tog wel ook vorentoe. So is Openbaring geskrywe. Daar is baie herhaling van gebeure, rondtes wat gemaak word maar stadig maar seker beweeg ons ook vorentoe.

Aanvanklik sewe seëls wat gebreek is, net die Lam kon dit breek. Hy wat op die wit perd sit, nou nog in hierdie wêreld is Hy die Een op die wit perd. U onthou die eerste vier seëls met die verskillende kleure van perde, eerste dan 'n wit perd, tegelyk 'n rooie, tegelyk 'n swarte en tegelyk 'n vaal perd wat oor hierdie wêreld hardloop. Ons onthou hoe die rooie dui op oorloë in hierdie wereld en die swarte op hongersnood en armoede en die vaal perd wat uiteindelik die werklikheid van die dood injaag. Die sewe seëls was die inleiding van God se swaar dinge wat Hy wat God is oor hierdie wêreld gaan bring. Ja, dit was maar nog net die inleiding.

Daarna het sewe basuine of sewe trompette in Openbaring geblaas. Weereens gaan dit om God wat in hierdie wêreld sy toorn duidelik maak. Die sewe trompette het as't ware die dringendheid van God se oordele oor hierdie wêreld aangekondig. Die vraag is of die mens gaan luister, of daar werklik bekering gaan wees, want luister is maar min. Na die sewe seëls gebreek is, dié sewe trompette geblaas is, kom ons weer terug na die spiraal van sewe dinge wat in hierdie wêreld aangekondig word. Met net nog groter dringendheid en duidelikheid. Openbaring 15 gaan ook bakke of skale van God se wraak wat oor hierdie aarde, ja hierdie wêreld waarbinne ons is uitgegiet gaan word. Ook hierdie tyd waarbinne ons lewe is aan God se oordele onderwerp of ons dit nou wil weet of nie, of ons dit ontken of nie, die werklikheid is dat God sewe bakke van oordeel oor hierdie eindtyd uitgiet en ons weet die eindtyd is alreeds meer as 2000 jaar lank en daarmee is 'n groot deel van die laaste dele van Openbaring mee besig.

Hoofstuk 15 is die kortste hoofstuk in die hele Openbaring-boek. Hierdie hoofstuk laat ons op 'n aangrypende manier teruggryp na die uittog van God se volk uit Egipte. Ons elkeen op hierdie aarde het ook 'n uittog wat ons moet klaarmaak. Daar waar Moses teen die Skelfsee vasgekeer was of die Rooisee, so is Johannes hier teen 'n see van glas vasgekeer. Moses kon nie terugdraai nie, dan loop hy en die hele volk hulle direk in Farao se aankomende leërs vas, regs of links kon hulle ook nie gaan nie, want dit is net woestyn, die woestyn wat al droër en harder word. Al pad

was vorentoe maar voor hulle lê die oseaan. Hoe kan ek deur die see, deur die diep water stap as dit van my as mens afhang. Moses en sy volk was soos dit kon voel letterlik in 'n doodloopstraat tensy God uitkoms bewerk, tensy God die pad oopmaak, soos God in Egipte die bloedbesmeerde deurkosyne iets van 'n lewenspoort vir die Israeliete kon maak. So het die volk dit weer so nodig gehad dat God deur hierdie see vir hulle 'n lewenspoort sal moet maak, anders kan hulle nie daardeur nie.

Daarom dat die lied van Moses in Openbaring 15 so besondere klem ontvang. Ken ek nog die woorde van die lied, maar nog meer belangrik is ek bereid om as ek die woorde weer geleer word, dit saam met die kerke van alle eeue te sing, want sing word daar baie in Openbaring gesing. Al is die omstandighede so benard en dit lyk vir die mens daar is nie uitkoms nie. In Openbaring word nie baie musiekinstrumente genoem nie, (meestal net sifers en trompette) maar dat daar wel baie gesing is, onder watter omstandighede ook al, word keer op keer beklemtoon.

Kom ons dan hierdie kortste hoofstuk in Openbaring wat die laaste groot dele van Openbaring inlei met die volgende drie gedagtes saamvat. Eerstens God se oordele is 'n werklikheid.

Tweedens – is ek bereid om my selfs in God se oordele te verbly, m.a.w. ek moet bereid wees om nie net God se genade nie, maar ook God se oordele te besing. Derdens- ons moet kan sing al is dit met rook in die oë. Eerste dan-

God se oordele is 'n werklikheid:

Baie mense het met hierdie moeilike saak moeilik vrede te maak. As God dan 'n God van genade en liefde is, as Hy sy liefde in alles duidelik maak, waarom lyk die wêreld só! Broeder en suster, dit wat die Here wil hê ons moet weet steek Hy niks vir ons weg nie. Openbaring soos vandag alreeds bevestig met die breek van die sewe seëls, met die blaas van die sewe trompette, nou óók met die oop bakke/skale van God se toorn wat oor die wêreld uitgegiet word, mag ons nie 'n lewe ons voorstel van 'n liewe Jesus vaar op 'n bootjie op pad na kammaland nie. Die uitdrukking "*liewe Jesus*" kom nêrens in God se Woord voor nie.

Openbaring 14 waarmee ons verlede keer geëindig het, was reeds die aankondiging van God se oordele oor hierdie wêreld. Hier het Johannes 'n engel in die middel van die lug sien vlieg wel met die ewige evangelie om te verkondig, wat alle lande, alle bewoners van die aarde, alle

nasies, stamme volke en tale moes bereik en mag ons weer hoor wat hierdie engel vir almal wil sê- Openbaring 14:7- ... *hy het met 'n harde stem uitgeroep: "Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het."* Daarna het nog twee engele hierdie oordele van God bevestig.

Die dier uit die see en die dier uit die aarde, ja die antichris en die valse profete wat Openbaring 13 hulle koms vanuit Satan bevestig, het die aanhangers van hierdie diere, God se toorn, God se wraak gevoer tot op 'n punt waar God Self sy toorn nie meer gaan terughou nie. Die spiraal van die lewe sirkel voort en dinge is aan die opbou. Ja die wêreldgeskiedenis is soos 'n baie sterk veer wat al stywer en stywer getrek word en iewers kom die punt waar dit nie so kan aangaan nie, al is die veer hoe sterk dit raak al stywer gespan. Met Openbaring 14 het God ook gewys op die oorryp lande van die wêreld. Dit aan die hand van 'n graanoes en 'n druiweoes. Die graan waar God sy kinders gaan uitsif as ons ook weer Openbaring 14:15 in herinnering roep- Die ouer Vertaling stel dit- *15 En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.*

Die beeld van die druiwe-oes stel nog 'n duideliker en tragieser werklikheid- vv. 19-20 van Openbaring 14: *19 Die engel het toe sy sekel op die aarde ingestek. Hy het die wingerd op die aarde afgeoes en die oes in die groot parskuip van God se toorn gegooi. 20 Die parskuip, buitekant die stad, is getrap. Uit die parskuip het daar bloed uitgekome wat tot aan die tooms van die perde geraak en sestien honderd kilometer ver gestrek het.*

Openbaring 15 is die bevestiging van hierdie oordele wat nie teruggehou gaan word nie. Dis 'n werklikheid waarmee ons dag na dag by moet lewe en mee rekening moet hou. Ons land is in soveel chaos gedompel, daar is min dinge wat op hierdie stadium in hierdie land reg verloop. Eers was dit die hele tragedie rondom die Covid 19 virus en wat daarmee gepaard gegaan het, midde-in sulke tye is daar weer enorme bedrae geld gesteel. Ons politici en die regering van die dag is seker die swakste wat daar kan wees; die vakkonde regeer eintlik op die stadium. Ons polisie en weermag is so pateties, as dit nie so tragies was nie kon ons eintlik gelag het. Ja, dis 'n grap maar 'n baie gevaarlike grap.

Almal gee links en regs die regering die skuld en hulle is die skuldiges maar het die tyd nie ook oorryp geword dat ons sal besef God se oordele is besig om deur so 'n patetiese regering al duideliker oor hierdie land 'n werklikheid te word nie. God werk deur die ANC op 'n manier wat ons besef ons mense het eintlik maar die regering gekry wat ons verdien! Ons geloof het so loutig geword, ons kerkbeskouing het so verdraaid geraak, ons kerkgang is werklik nie goed nie. Ons gemeente is niks minder skuldig nie. In die vakansie is dit so koud in die kerk om elke keer te moet raaksien en besef hoe min mense stel werklik die Here en sy ontmoeting op 'n Sondag werklik eerste in hulle lewe. Ons kennis rondom die Skrif is regtig swak en die kinders in die katkisasie is in baie opsigte die venster wat ons laat raaksien wat gaan werklik in die huise aan as daar rondom Skrifkennis die mees basiese dinge uit die Here se Woord hanteer moet word.

God se oordele is aan die opbou in hierdie wêreld. Die volgende sewe bakke of skale se inhoud wat oor die wêreld uitgegiet gaan word, gaan dit nog weer en weer bevestig. God se toorn of wraak word hier al duideliker uitgewerk. Dalk kan ons dit vergelyk met 'n donderstorm. Vir 'n oomblik is dit stil. En dan skielik 'n nuwe dreuning wat nog nader is. Weer 'n stilte maar die wolke bly beweeg. En dan weer 'n slag, nog nader. So hou dit aan tot voor die bliksem hier reg voor jou uitslaan.

Eers was dit Covid, dit was al erg. Nóú die dag na dag, se stadige maar seker Eskom-inmekaar sakkings, wat dalk ekonomies meer skade kan aanrig as Covid as die Fase 8 spoke dalk nie meer spoke gaan wees nie! Dis maar in ons land, ons moet voor ons eie deure kan vee, maar moenie dink in die res van die wêreld gaan dit soveel beter nie. Europa het die pragtigste paaie en sneltreine en infrastruktuur wat Afrika seker nooit sal hê nie, maar hulle vrysinnige filosofieë en lankal het die meerderheid daar die Kerk van die Here afgeskryf en nou vreet hulle eie vrysinnighede hulle soos 'n monster ook stukkie vir stukkie op. Dis tog so mooi en 'n hand van liefde om jou grense vir baie Moslems oop te gooi, kyk maar wat gaan daardie adder in hulle eie boesem toegelaat nog met hulle aanvang. Wag maar! God se oordele is 'n werklikheid maar ons moet haas uitkom by die jou en my vraag- ons tweede gedagte -

Is ek bereid om God se oordele te besing?!

Johannes word die Moses van sy tyd. Moses en die hele volk was teen die Rooisee of Skelfsee vasgedruk. Johannes is ook teenaan die see, maar hy sien dit soos 'n see van glas, gemeng met

vuur. Die see van glas met die vuur daarbinne simboliseer 'n baie belangrike saak ook vir ons tyd. God se geregtigheid en die feit dat God regverdig gaan oordeel is so 'n ryke troos. God is regverdig in alles wat Hy doen en sê. Watter troos vóór ons nog mooi kan uitkom by die sewe engele wat God se laaste sewe plae deur middel van sewe bakke op die aarde gaan uitgooi om dan wel te weet God se geregtigheid staan hier voorop.

Alles begin by God se reg en alles sal ook weer eindig by God se reg, nie by 'n mensereg nie. Die glas dui op God se deursigtige geregtigheid maar ook op God se heiligheid, glas wat die mens wel wil breek, maar hier hou God sy eie heiligheid, sy eie glas in sy hande. Hier is die glas kristalhelder en skoon. In God se geregtigheid is daar geen sprake van vlek of smet van onheiligheid of duisternis nie. Dis wel anders as ons hoe ons die see sien. Hier in Openbaring 15 se see van glas is ook iets van 'n kalmte en rustigheid, maar binne hierdie glas wat moontlik in verskillende kleure kon skitter, die spektrum van kleure, maar binne die glas brand 'n vuur. Die see van glas is met vuur gemeng.

Die vuur waarmee God op die einde die wêreld mee gaan verbrand en laat ondergaan is in die see ingemeng. Ja, daar is niemand wat op die einde van sy/haar lewe, of op die einde van die boek Openbaring sal kan kom en kan sê God het my nie genoeg gewaarsku nie. Johannes wat in hoofstuk 15 word die Moses van sy tyd is by die oordele van God nie daarby gebring om gal te braak nie, maar om die lied van Moses te sing. Aangrypend, nie net die feit dat hulle in sulke benoudheid kon sing nie, maar ook die woorde wat daar gesing word. Dit is die lied van die oorwinnaars, die ware Kerk van God, al lyk hulle omstandighede ook hoe haglik. Hulle wat nie deur die dier en sy beeld en sy tekens verlei was nie. Hulle oor wie die getal 666 nie geskrywe was nie. Dis hulle wat oor die dier en sy beeld en sy teken en sy getal kon oorwin. Hulle staan daar langs die see, voor hulle het die see nog nie oopgegaan nie, maar hy hoef ook nie, want hulle is reeds oorwinnaars.

Hulle is inderdaad twee in een, hulle is twee dinge gelyk – verlostes en oorwinnaars. Hulle kan maar net as oorwinnaars daardie siters begin blaas. In die geestesoog kan hulle oor daardie see heenstap sonder dat dit nodig is dat die see voor hulle moet oopgaan. Hulle kan lewe asof hulle reeds die ander kant van daardie see bereik het, want al moet die plae nog plaasvind is hulle

reeds die oorwinnaars wat nie weerhou kan word om hulle siters uit te haal nie. Hulle sal wil besing God se oordele - *“Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. 4 Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is.”*

Openbaring 15 dra die refreine van Eksodus 15, toe Moses en sy volk die Rooisee op so 'n wonderbaarlike wyse kon deurgaen. Op die oostelike strand het hulle eintlik al die eerste akkoorde van die hemelse lied bymekaargebring. God het hulle wonderbaarlik gered, God het hulle deur die see gelei. Ouers, kinders almal saam. Ook Mirjam, Moses se suster, sy wat ook 'n profetes genoem word, haal saam met die ander vroue hulle musiekinstrumente uit. Tamboeryne en begin hulle met koordanse. Dit het sekerlik daar vanaf die strand vêr geklink as hulle sing- *“Ek wil tot eer van die Here sing omdat Hy hoog verhewe is. Perd en strydwa het Hy in die see geslinger. 2 Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hom roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek. 3 Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is ‘die Here’!* Dit was maar die begin van die lied. Ja, waar Mirjam en die ander vroue na vore kom het hulle dit bevestig- ons lees in Eks 15:21- *21 Mirjam het vir hulle voorgesing: “Sing tot eer van die Here omdat Hy hoog verhewe is. Perd en ruiter het Hy in die see geslinger.”*

Dis so 'n ryke lied, ons sou nog baie langer hiermee besig kon wees. Die vraag as die laaste sewe skale, Openbaring noem dit dan ook die laaste plae wat oor die wêreld gaan kom, sal ek nog kan saamsing. Vers 1 noem al hierdie inhoud van die bakke ook as plae. Plae wat in die Grieks is die woord $\pi\lambda\eta\gamma\acute{\alpha}\varsigma$, wat meer direk beteken om iets baie hard te slaan en dit word aanmekaar gedoen dat dit 'n wond sal veroorsaak. Dieselfde woord word gebruik in Markus 15 waar hulle Jesus met 'n riet oor die kop geslaan het, dit was soos 'n plaag oor hom. M.a.w. hierdie sewe plae in Openbaring wys nie so direk soos die tien plae in Egipte nie, maar tog ook daarmee wel 'n direkte verband. Soos die lied in Openbaring 15 ook direk in verband staan met Moses se lied. Die wêreld gaan deur God verwond word oor die sonde wat net meer en meer geword het. Hier gaan wonde en rampe in hierdie wêreld kom maar die wat aan God behoort sal

hierdie besondere lied kan bly sing - nie dat dit maklik gaan wees nie. Want is ons laaste gedagte dan ook vandag:

Ons moet kan sing al is dit met rook in die oë:

Ons het reeds gewys in die boek Openbaring word baie gesing. Openbaring 5 word 'n nuwe lied vir die Lam gesing, Openbaring 14 sing die gelowiges voor God se troon, nou ook vandag Openbaring 15 die lied van Moses. Tog gebeur daar al singende met hierdie sewe laaste plae of bakke of skale wat oor die wêreld uitgegiet gaan word ook die heel laaste vers van Openbaring 15. *Die tempel het vol rook geword vanweë die heerlijkheid en die mag van God, en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plae van die sewe engele hulle einde bereik het nie.*

U weet as daar rook in jou oë kom dan brand dit, ons wil dit probeer uitvee, maar dis nie maklik nie. So sal dit ook wees met die Kerk van die eindtyd, ja ook met die eindtye wat ons beleef. Die rook in die oë sal ook al meer word rook in die kerk se oë, want ons as mense is die kerk. Dinge gebeur wat ek moeilik daardeur kan kyk, ja die wêreld is vol rook. Ons kry moeilik daardeur gekyk. Dit brand ons oë. Selfs die hemelse tempel sal nie sonder die rook ingegaan kan word nie. Ja, God vul Self sy hemelse tempel met rook, want lees ons ook van die hemelse tempel- 8 *En die tempel het vol rook geword uit die heerlijkheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.*

Die wonderlike verskil wat die hemelse wel aandui, dit is 'n tempel wat vol rook word omdat God se heerlijkheid so vol is. Daardie tempel word gevul met God se heerlijkheid al kan ons oë nie deur daardie rook sien nie. Tog is dit vir die goddelose mens rook wat dui op God se ewige straf. Ja, dit is deel van God se heerlijkheid ook daardie tyd wat die mens wat God nie ken, Hom ook nie meer sal kan ken nie. Deur die rook van God se oordele sal Hy kom in heerlijkheid openbaar, maar dit sal wees om die afvallige mens finaal te oordeel. Die tyd van genade is dan verby, vir altyd verby. Die sewe bakke wat ons dan by moet uitkom sal hierdie rook al meer maak. Tog moet ons kan sing, bly oor die God van oordele regverdig sal oordeel. Dis deel van God se heerlijkheid, hierdie rook!

AMEN